

## BOEKBESPREKINGS

H. Bley: *South-West Africa under German Rule, 1894-1914*. Heinemann, London, 1971. Pp. 308. R9,70.

This work is an English translation of the original which was first published in 1968 in German under the title *Kolonialherrschaft und Sozialstruktur in Deutsch-Südwestafrika*. The English translation by Hugh Ridley varies from the original only slightly. A short chapter has been added to outline events before 1890; certain footnotes have been reduced in length and in other instances the historical evidence has been strengthened.

Dr. Bley is Senior Lecturer in History at the University of Dar-es-Salaam. He was previously for some years Lecturer in History at the University of Hamburg.

The author shows that the history of South-West Africa under the Germans offers many parallels to developments in other European colonies, and in its outline German expansion followed the well-established pattern of colonial growth. The international nature of many of the measures adopted by the Germans and the legal and administrative procedures which they borrowed from other colonial practices may also be seen. The settlers themselves were careful to describe their activities in such a way as to emphasise their similarity to developments in other colonies.

An interesting point is the suggestion that the origins of totalitarianism might be found in the colonial period of the nineteenth century. This is the first study of movements in South-West Africa from this standpoint, and the author provides a composite picture of the way in which social insecurity, bureaucracy, and rigid economic thinking produced the racialism and extremism of the last years of German rule. The linguistic similarity between the settlers' comments on the Africans and later, their compatriots' comments about the Jews, is as remarkable as it is terrifying.

Extracts from the lively reports of newspapers and the diaries of missionaries, soldiers and travellers enable the reader to live with their sufferings and frustrations and to follow the hostilities between the various tribes inhabiting the territory and the Germans. Furthermore, the book is the result of many years of research among original documents and the author writes with great sympathy for the original inhabitants of the country.

This scholarly and very readable history of twenty years of German rule should fill a long-felt need as the number of historical works dealing with that specific period is surprisingly few. Personally I am convinced that this is the first satisfactory treatment of this little undertood, but vitally important period. As such, it breaks new and important ground. The author's immensely detailed knowledge and his enthusiasm for the period he describes, makes this a work of great interest to both scholars and laymen.

A. P. J. van Rensburg.  
Department of History, University of Pretoria

V. H. H. Green: *The Later Plantagenets. A survey of English History between 1307 and 1485*, pp. 438, Edward Arnold, London, 1973. R4,70.

Bogenoemde publikasie het eintlik min bekendstelling nodig — dit het reeds in 1955 verskyn en sedertdien ses herdrukke beleef. Green beskik oor 'n grondige kennis van sy onderwerp en besit die gawe om sy gedagtes duidelik te formuleer en in 'n logiese samehang te plaas. Die leser word deurgaans geboei

met die interessante wyse waarop die onderwerp bespreek word. Alhoewel die klem op die politieke geskiedenis val, word die ander faktore nie afgeskeep nie en word die wisselwerking tussen die ekonomiese, sosiale, godsdienstige en politieke faktore duidelik aangetoon.

Besonder interessant is die wyse waarop Green aandui hoe die lotgevalle van die Engelse volk deur die afwisseling van goeie en swak vorste bepaal is. Bekwame vorste soos byvoorbeeld Eduard III, Hendrik IV, en Hendrik V het daarin geslaag om hul stempel op die geskiedenis van hul tyd af te druk omdat hulle hul onderdane goed regeer het en aldus aan die besondere funksie van die koningskap voldoen het. Daarenteen het swak vorste soos byvoorbeeld Eduard II, Richard II en Hendrik VI, omdat hulle nie aan die vereistes voldoen het nie, hul land en volk in ellende gedompel. Die opstand van die kleinboere in 1381 tydens die regering van Richard II en die Rose-oorlog (1437-1461) tydens Hendrik VI se bewind kan as voorbeelde in dié verband dien.

Die oorsake, verloop en gevolge van die Honderdjarige Oorlog (1337-1453) en veral die invloed daarvan op die konstitusionele geskiedenis van Engeland, word deeglik uiteengesit. Green wys daarop hoe die volksverteenwoordigers daarin geslaag het om hul houvas op die monargie te verstewig. Die stryd tussen die kroon en die parlement (wat reeds in 1265 tot stand gekom het) vorm trouens die basis van hierdie interessante publikasie.

Hierdie werk kan met groot vrymoedigheid vir alle studente en belangstellendes — wat meer oor die vroeë Engelse geskiedenis wil weet — aanbeveel word. Saam met die werk van A. R. Myers, *England in the Latter Middle Ages*, kan dit as 'n standaardwerk oor hierdie onderwerp beskou word.

J. C. H. Grobler.  
Universiteit van Suid-Afrika

A. L. Harrington: *The Great Trek and Spies*, A. B.: *The Origins of the Anglo-Boer War*.

These two pamphlets are the latest addition to Hill & Fell's so-called Archive Series. They are intended for school use in England at a level more-or-less equal to our Matric in South Africa. The volumes have been compiled by South Africans, and the documents published have been drawn from primary published sources and not from archives in the strict sense of the word. However, they form a useful introduction to the raw material from which history is wrought and will serve to bring the high school student into contact with the basic requirements of the historian, e.g. primary source-material.

In both cases the selections have been made with care and discernment and the results are very interesting compilations. I do not know whether history teachers in South Africa of today attempt to bring their pupils into contact with primary sources, but in my young day we had dr. Gustav Preller's biography of Piet Retief as a set-work for "Taalbond Geskiedenis". I well remember how fascinating most of us found it to read reprints of the actual letters written by Retief. I am sure that the same interest in the past can and will be generated by these two volumes.

I do think, however, that, especially in the case of the little volume dealing with the "Great Trek", it should have been indicated that the texts are published in translation. In the case of "The Origins of the Anglo-Boer War", I found it slightly disturbing that the actual dates of letters and despatches are not always given.

J. F. Preller.  
Government Archives

H. W. J. Picard: *Man of Constantia*. Purnell, Kaapstad en Londen, 1973, pp. XIV en 300. R5,75.

Hierdie boek, in hardeband, is 'n biografiese roman oor Simon van der Stel. Die outeur het reeds vroeër ander interessante Kaapse leesstof aan ons met sy *Gentleman's Walk*, *Grand Parade* en *Masters of the Castle* as historikus-joernalis-skrywer voorsien. Hierdie boek is egter sy eerste werk van biografiese aard.

Die boek bevat wel 'n klein bibliografie, maar sê self dat fiksie, verbeelding, rekonstruksie, logiese historiese en psigologiese afleidings 'n plek in die skryfproses ontvang het. Hy ken tereg 'n ereplek aan dr. Anna Boëseken toe vir die hulp wat haar boek, *Simon van der Stel in sy kinders*, vir hom was.

Van nut is ook die datumlys van besondere gebeure in die lewe en periode van Simon van der Stel, en 'n verklaringslys vir ou Nederlandse en Maleise woorde wat in die teks gebruik word — onder andere om die regte atmosfeer te skep en waarmee dan ook goed geslaag is.

Hierdie soort geskiedenis-aanbieding behoort veel meer aangewend te word. Goed, hier en daar sou 'n mens die verbeelding ietwat wou hokslaan, maar die algemene strekking, tydgees en atmosfeer word duidelik aan die algemene publiek oorgedra. Die geskiedenisname van handboeke word in hierdie werk lewende wesens; mense met hulle voor- en afkeure, hulle beperkings en vrese. As ons leerkragte van die vak in doseersaal en klaskamer dalk óók meer menslikheid, met behoud van akademiese grondslag en standaard, in die onderrigtemas wil inbou, sal die belangstelling in geskiedenis en die gevolglike bestudering daarvan net eenvoudig toeneem. Immers, wanneer ons vak bevorder word — deur proefskrif, koerantartikel, lewendige lesing, skoolhandboek of roman — is ons dankbaar. Die roman werp nie net interessante lig op Simon van der Stel nie, maar ook op die Companjie se bedrywighede in Nederland, die Ooste en aan die Kaap; op die seuns Willem Adriaan en Frans; op die laat 17de/vroeë 18de eeu.

Veral interessant is die uitgebreide inleidende verhaaltjie wat Picard oor Constantia Sterthemius en die jong Simon van der Stel opgebou het; dat hierdie teleurgestelde liefdeshoop Simon enduit bygebly het en 'n verlangensneerslag in die naam vir sy latere plaaswoning, in 'n vallei ensomeer gevind het — selfs ná sy huwelik met Johanna Six en wat hom nooit na die Kaap gevolg het nie.

In sy kategorie is dit aangename leer- en leesstof.

M. J. Swart  
Universiteit van Port Elizabeth

George F. Bass (red.): *Geschiedenis van de scheepvaart weerspiegeld in de scheeps-archeologie*. 323 bl. Unieboek B.V., Bussum, 1973.

Hierdie werk, wat oorspronklik in 1972 onder die titel *A History of Seafaring* te Londen verskyn het, is die produk van samewerking van 'n aantal deskundiges wat bekendheid verwerf het op die gebied van 'n betreklik resente tak van die argeologie, t.w. die skeepvaart- en onderwaterargeologie. Hulle is die reeds genoemde redakteur, wat aan die universiteitsmuseum van die Universiteit van Pennsylvanië (Philadelphia), verbind is; Keith De Vries, van dieselfde afdeling; Peter Throckmorton, Philadelphia; Joseph W. Shaw, van die Universiteit van Toronto, Peter Marsden, van die Guildhall-museum, Londen; Frederick van Doorninck, van die Universiteit van Californië; Arne Emil Christensen, van die Universiteit van Oslo, Ole Crumlin-Pedersen, van die Nasionale Museum, Roskilde (Denemarke); Enrico Scandurra, Alexander McKee, Mendel L. Peterson, van die Smithsonian Instituut, Washington, Robert C. Wheeler, Richard C. van Gemert,

en Gerrit van der Héide, van die “Rijksdienst voor de IJsselmeerpolders (Nederland).

In die inleiding verklaar dié skrywers o.m. dat die rol wat skepe in die geskiedenis van die mensheid gespeel het, 'n baie belangrike een is en dat hiermee 'n belangrike ontwikkelingsgang gepaard gegaan het waarvan die navorsersstudent tot ongeveer tien jaar gelede slegs by uitsondering 'n waarheidsgetroue indruk besit het. Afbeeldings en beskrywings het dikwels tot onbetroubare voorstellings van eertydse seeskepe of rivierbote gelei, maar danksy die moderne duikertegnieke en -fotografie is die mens tans in staat om skeepswrakke ter plaatse aan 'n noukeurige ondersoek te onderwerp en hulle — indien daar nie te veel ontbreek nie — te rekonstrueer. Op dié wyse is ons kennis oor laat-Romeinse en Bisantynse skepe aanmerklik verbeter, terwyl die beskikbare gegewens in verband met die ontwikkeling van die Vikingskepe, wat tot onlangs op ons kennis aangaande skepe wat op land opgegrawe is, aanmerklik toegeneem het. Skandinawiese wrakke uit die Middeleeue is stelselmatig ondersoek, in 1963 is die eerste Venesiaanse galei gevind, terwyl die Sweedse oorlogskip *Vasa* in 1961 in die hawe van Stockholm aan die oppervlakte gebring is. Onlangs is die eerste Arabiese skepswrak by Sharm-el-Sheikh deur 'n Israelitiese span opgegrawe, terwyl by Hastings (Engeland), die V.O.C.-skip *Amsterdam* vermoedelik binne afsienbare tyd ondersoek sal word. Dele van 'n Romeinse vragskip uit die 2e of 3e eeu n.C. is in 'n museum te Marseille (p.81), lugfoto's van Noord-Afrikaanse hawens verstrek nuwe besonderhede (p.101 e.v.), vyf Vikingskepe is ongeveer 10 jaar gelede in die Roskildefjord ontdek, drooggelê en bestudeer (p.193); betreklik onlangs is die eerste Venesiaanse galei in die Gardameer (Italië), opgespoor. Oorblyfsels van die Britse skip *Virginia Merchant*, wat in 1660 by die eiland Bermuda vergaan het, is opgespoor en bestudeer (p.259). In die voormalige Suiderseegebied (Nederland) is reeds 20 wrakke in die *Wieringermeerpolder*, 165 in die *Noordoostpolder*, 117 in *Oostelijk Flevoland* en 7 in *Zuidelijk Flevoland* gevind (p.306).

Dit spreek vanself dat die betekenis van hierdie jong, lewenskragtige tak van die argeologie, mits dit suiwer wetenskaplik aangepak word en nie in plundering ontaard nie, van besondere belang is. Dit geld ook ten opsigte van skepsladings, handelsroetes, die herkoms van handelsware, e.d.m., ook waar dit wrakke aan of rondom ons eie kus betref.

Die skrywers behandel agtereenvolgens: die oudste seevaarders in die Middellandse See-gebied en die Nabye Ooste; Griekse, Etruskiese en Fenisiese skepe en skeepvaart; die Romeine op see, Griekse en Romeinse hawewerke; skepe uit die Romeinse tyd en later in Engeland, Bisantium beheers die see: 330-641, Skandinawiese skepe van die oudste tyd tot die Vikings, die Vikings en die Hansa-koopliede: 900-1450; die maritieme republieke, skepe van Italië van die middeleeue en die renaissance, die invloed van die Britse marinestrategie op skeepstekeninge: 1400-1850, koopvaarders en kapers oor die Atlantiese Oseaan: 1492-1733, waterweë open die Nuwe Wêreld, en skeepsreste en skeepsopgrawings in die Lae Lande.

'n Verklarende woordelys, 'n literatuurlys en 'n register sluit hierdie meesterlike studies met 505 afbeeldings, waarvan 150 in kleur, af.

Vandag het stoom en ander vorms van aandrywing die seile en die roeispans van weleer vervang. “Het geluid van klapperend zeildoek en van de in het want huilende wind”, soos een van die skrywers sê (p.292), word nie meer gehoor nie. Aan die strande, op die seabodem, lê wrakke wat elkeen hul eie verhaal vertel wat die soekende en vorsende mens van vandag nou — dikwels

na eeue — weer probeer ontrafel om ons so dikwels onvolmaakte kennis van die verlede, en in hierdie geval op 'n hoogs besondere gebied, enigsins aan te vul.

Hierdie poging verdien, ook in ons land, ons belangstelling en George F. Bass se studie is 'n gesonde, sterk prikkel in dié rigting.

J. Ploeger  
 Staatshistorikus

H. F. Varion: *Some African Milestones. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1973. Rhodesiana Reprint Library, Volume 31. Facsimile Reproduction of the 1953 Edition*, pp. XV and 272.

This book, in a hard cover and with a dust jacket designed by Johannes Meintjes contains an interesting publisher's introduction and an author's introduction, many illustrations, a map, an index and two appendixes. The photos are not of real historical significance and not too well printed, but are nevertheless interesting. One does miss too a bibliography of some kind although there is a short list of references (p.XV).

In this work, Varian writes of his association with various engineers responsible for the opening up of Southern and Central Africa railways. The fact that to this very day, in spite of many other developments and clashes and new materials, railway lines are still of great importance in the mentioned African areas proves that men like Cecil Rhodes, Charles Metcalfe, Robert Williams, Alfred Lawley, George Pauling and H. F. Varian knew what the future would acclaim as essential. The world is already aware of the impact of the present Tanzam line under construction.

This book deals with the development of railways in the African sub-continent by the British in particular, at the turn of the 19th/20th centuries, but one must bear in mind that these years were part of the Scramble for Africa. In this sense Machado, the Portuguese pioneer and engineer, played a great role too and he worked closely with the British. In the Belgian Congo as well British lines were extended because of the linking with other systems; or they moved feasible because of the potentials of other undertakings.

The author succeeds well in telling a most interesting story, displaying personal reminiscences, stressing the contribution of the groups connected with these projects and the international set-up of schemes of this nature even in those early years when European states wanted to achieve everything on their own in order to outmanoeuvre the others.

This fascinating story throws much light on the sufferings and hardships of the early White pioneers, on the amount of trade, the heavy loads conveyed, other forms of transport, nature conservation, illnesses, stage coaches, dwellings, "at homes", prices, climate, fauna and flora, the Victoria Falls, railway gauges as well as ethnological issues, superstition and hunting devices.

The reference made to the different railway projects in Africa and the result thereof for the opening up of the African interior between, say, 1870 and 1930 is of the utmost significance — see chapters III, IV, V, VII, VIII, IX.

The whole approach to this period and area however is that of a Briton before World War II. Things have changed almost completely since then, but so much the more this kind of information should be preserved in books of this nature. As part of a series and because it is so very readable a book, and although it is not that valuable from a purely historical point of view, the work deserves our attention.

M. J. Swart.  
 Universiteit van Port Elizabeth

Scholtz, J. du P.: *D. C. Boonzaaier en Pieter Wenning, verslag van 'n vriendskap*, pp. X, 152; 145 ill. (een in kleur). Kaapstad, Tafelberg, 1973. R16,95.

Hierdie boek is die resultaat van 'n uitgebreide en grondige studie van die dagboek van D. C. Boonzaaier, van 1913 tot 1920. Dit belig die merkwaardige vriendskap tussen Boonzaaier en Wenning. Hulle het mekaar in 1913 ontmoet in Kaapstad tydens 'n sakebesoek van Wenning namens die boekhandel van J. H. de Bussy. Hulle was twee volkome teenstrydige karakters. Nogtans het dit tot nou toe onbekend gebly hoeveel Boonzaaier in werklikheid vir Wenning beteken het. Na Wenning se dood in 1921 het Boonzaaier sy eie rol nooit benadruk nie en stadigaan is dit vergeet deur die klein groepe mense wat daarvan geweet het. Ongetwyfeld sou ons sonder Boonzaaier vandag oor baie minder werke van Wenning beskik het, want dit was Boonzaaier wat daarvoor gesorg het dat Wenning telkens na die Kaap kon kom. Boonzaaier het Wenning gehelp om werk te verkoop en het verhinder dat Wenning self baie meer van sy werk vernietig as wat hy wel gedoen het. Wenning se werke het aanvanklik maar swaar verkoop, maar Boonzaaier het telkens weer daarin geslaag om hom te help om in sy lewensonderhoud te voorsien.

Die gegewens uit die dagboek is aangevul met persoonlike briefwisseling tussen Boonzaaier en Wenning, vir sover as wat prof. Scholtz hieroor kon beskik. Van baie skilderye word nou eers bekend hoe en wanneer hulle tot stand gekom het. Boonzaaier het 'n groot invloed op Wenning gehad en sy advies om aan 'n skildery veranderings aan te bring is dikwels nagevolg.

Wenning was 'n volgeling van die Haagse Skool. Hoe hoog hy in Holland aangeskryf is, is nie ter sake nie. Wat belangrik is, is dat hy in Suid-Afrika gewerk het en veel bygedra het in 'n tyd toe kunsbeoefening in ons land maer jare beleef het. As sodanig het Wenning pionierswerk verrig waarop die moderne skilderkuns in Suid-Afrika sou ontwikkel.

Boonzaaier gee telkens volledige lyste van werke wat op velings of uitstalings aanwesig was. In etlike gevalle het prof. Scholtz daarin geslaag om aan te dui waar hierdie werke vandag is. Maar in baie gevalle kon hy geen inligting opspoor nie, hoofsaaklik as gevolg van gebrek aan samewerking van die kant van versamelaars of hul nakomelinge, en die publiek. Dis jammer, want hiermee het 'n goeie geleentheid verlore gegaan om 'n kundige navorser soos prof. Scholtz 'n meer volledige oorsig te laat opstel.

Die literatuur oor Wenning was tot nou toe betreklik beperk en bowendien vol foute en onnoukeurighede. As gevolg van Boonzaaier se openhartige dagboek kon heelwat foutiewe bewering reggestel word. Daar word nou gewag op volledige gegewens alvorens 'n stylkritiese waardering van die werk van Wenning saamgestel kan word.

Die vraag kan gestel word of die dagboek van Boonzaaier, wat nou hoofsaaklik met die oog op Wenning geraadpleeg is, nie 'n skat van verdere gegewens bevat oor Kaapse geskiedenis en toestande in die eerste helfte van hierdie eeu nie.

Nie in die minste deur sy mooi en suiwer taagebruik nie, het prof. Scholtz daarin geslaag om 'n besonder lesenswaardige en belangwekkende boek saam te stel oor een van ons mees vooraanstaande kunstenaars uit die eerste kwart van hierdie eeu.

F. G. E. Nilant.  
Universiteit van Pretoria

Pama, C.: *Vintage Cape Town, Historic Houses and Families in and around the Old Cape*; pp. XII, 180, 140 ill. Kaapstad, Tafelberg, 1973. R15.

Ons is dikwels geneig om, in ons bewondering vir die Kaaps-Hollandse boustyl en ons strewe om die verontrustende klein aantal voorbeelde wat hiervan oorgebly het te bewaar, en te vergeet dat hierdie huise daadwerklik deur mense bewoon was. Die lewe verander en woonomstandighede hou daarmee tred. Dr. Pama beskik oor 'n uitgebreide kennis van die heraldiek en die genealogie. Hy probeer om hierdie kennis op die ou Kaapse huise van toepassing te maak. Hierby is dit minder belangrik of die feite nuut is; baie is elders reeds vermeld en mag algemeen bekend wees. Daar word uitvoerig aangehaal uit gepubliseerde dagboeke en vir 'n familiestamboom is die bekende Geslagsregister van ou Kaapse Families, wat dr. Pama self so grondig verwerk het, 'n makliker bekombare en meer vollediger bron van inligting.

Die vraag wat dr. Pama hom hier by 'n aantal historiese huise stel, is nie net wie daar gewoon het nie, maar veral wat die bedoelings en ambisies van so 'n familie met die huis was. Wat was hulle smaak en het hulle daarin geslaag om dit gedeeltelik of geheel in die gebou tot verwesenliking te bring? Vanselfsprekend het die materiële omstandighede van die mense 'n groot rol gespeel in hoeverre hulle hul idees kon realiseer. Gevolglik het ons net te doen met die boonste laag van die Kaapse bevolking, wat kon bekostig om sodanige huise te bewoon. Daar het egter gereeld nuwe immigrante bygekome, van wie sommige in die bestaande families ingetrou en dikwels 'n oorwegende invloed op die bou of inrigting van 'n huis gehad het.

Dr. Pama maak gebruik van ou foto's, grafstene, ou wapens, familieoorlewering, glasvensters, die ou huise aan Strandstraat en die Heerengracht. Daar is Changuion en sy Athenaeum, en natuurlik Marie Koopmans-de Wet wat so vir die behoud van die Afrikaanse kultuur in die bres getree het; die familie Beelaerts van Blokland wat geslag op geslag vriende van Suid-Afrika gebly het. Ons lees die agtergrond van die behoud van Saasveld, oor Meerlust, die sloping van Oranje-Zigt so laat as 1957, Leeuwenhof, maar ook van families soos Myburg, Cloete, De Klerck, Hofmeyr en Van Reenen. Dis die kombinasie van dit alles wat hierdie boek as die eerste geskiedkundige oorsig van die tipiese ou Kaapse lewensstyl waardevol en oorspronklik maak. Telkens lees ons weer hoe herehuise herbou of herstel word of moeisaam in stand gehou word, en hoe die tyd meedoënloos sy slopingswerk doen. Watervoorsiening vir die groeiende stad benadeel die landgoedere; grondpryse styg; die afskaffing van slawerny bring 'n sosiale rewolusie. Dit is opvallend hoe die amptenare van die V.O.C. veral in die tweede helfte van die 18de eeu, meer geneig was om hulle blywend aan die Kaap te vestig, maar ook hoe die toonaangewende groep in die tweede helfte van die 19de eeu totaal verander het. Mense gaan, huise bly, maar verander namate daar ander mense kom. Sodanige huise is kosbaar, omdat hulle die oorgeblewe band is met die verlede, waarsonder die hede vir ons onverstaanbaar sou wees. Dr. Pama het 'n waardevolle studie verrig met 'n fyn aanvoeling vir die intiem-menslike en juis daardeur kom hy tot nuwe gesigspunte.

F. G. E. Nilant.  
Universiteit van Pretoria

W. Ph. Coolhaas: *Het Huis "De Dubbele Arend"*; Uitgave Vereniging 'Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland', Amsterdam 1973, 92 blz.

Niet alleen Culemborg heeft zijn Jan van Riebeeckhuis, genaamd "De Fonteyn", maar ook Amsterdam, namelijk het huis Keizersgracht 141, voorheen

"De Dubbele Arend" geheten. Dit is niet de woning waar in Jan van Riebeeck heeft gewoond: dat was Egelantiersgracht nr. 98, later afgebroken'. Het is een oud koopmanshuis, in 1923 aangekocht door de vereniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM). Deze heeft daar in 1917 een zaal en zolderkamer van de Handel-Maatschappij Kerkhoff gehuurd en toen deze in 1923 is gelijkwideerd, het huis gekocht door bemiddeling van de likwidateur, J. H. van de Wall Bake, die ook bestuurslid van de ZASM en een groot vriend van Zuid-Afrika was.

In 1973 was de ZASM 50 jaar in het huis gevestigd. Een halve eeuw heeft zij daar de culturele en economische banden tussen Zuid-Afrika (in de eerste plaats de Afrikaners) en het moederland helpen aanhouden en versterken. Het is niet haar schuld, dat die banden na de gloedvolle herdenking in 1952 van de stichting van blank Zuid-Afrika door Van Riebeeck op officieel vlak zijn verkoeld en dat de wereldgeschiedenis beide volken steeds verder uit elkaar drijft. Zij werkt samen met enige andere organisaties in het huis, zoals de Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten, de Stichting Fonds voor het Hollandse Onderwijs in Zuid-Afrika en de Stichting tot bevordering van de studie van taal, letterkunde, cultuur en geschiedenis van Zuid-Afrika, welke het Zuid-Afrikaans Instituut met zijn grote bibliotheek in stand houdt.

De ZASM en haar nevenorganisaties werken zonder al te veel ophef aan de banden tussen beide landen en aan de uitwisseling van studenten en universiteitsdocenten. Deze uitwisseling is van het grootste belang, want zij leert een kleine, maar belangrijke groep intellectuelen uit elk van beide landen het andere land kennen en waarden. Het treft mij telkens, hoevele Afrikaner academici in Nederland hebben gestudeerd en daar warme vrienden van Nederland zijn geworden, in weerwil van de campagne door de in meerderheid linkse publiciteitsorganen tegen Zuid-Afrika gevoerd.

De ZASM heeft de goede gedachte gehad de bejaarde Nederlandse historicus prof. Dr. W. Ph. Coolhaas te vragen de geschiedenis van het Van Riebeeckhuis te schrijven ter gelegenheid van het 50-jarig verblijf in dat huis. Hij heeft een levendig verhaal van het ontstaan ervan en van die opeenvolgende eigenaren gepubliceerd. Daarin weerspiegelt zich een stuk cultuurgeschiedenis. Onder die eigenaren zijn bekende namen, zoals Nicolaas Hasselaer, 1616-30, de bouwheer, familielid van Kenau te Haarlem; Laurens Reael, 1630-40, en Jacques Specx, 1640-42, oudgouverneurs-generaal van de V.O.C. in Oost-Indië, over wier leven Coolhaas belangwekkende bijzonderheden bericht; Petronella Buys, 1642-46, weduwe van een broer van Specx, eveneens hooggeplaatst V.O.C.-ambtenaar, en andere Nederlandse kooplieden en regenten. Als een bonte stoets in een historische film trekken de huiseigenaren en hun gezinnen in welstand en verarming aan de lezer voorbij.

Met de aankoop van het huis "De Dubbele Arend" in 1923 sluit prof. Coolhaas zijn verhaal af. Ik zou het extra hebben gewaardeerd, als hij nog enige regels zou hebben geschreven over de huidige functie van het huis als ontmoetingspunt voor Zuid-Afrikanen en tussen hen en Nederlanders. Een merkwaardige dag was bijvoorbeeld die in 1960, toen enige lieden de ruiten hebben ingegooid en potten met inkt naar binnen gesmeten om aldus de doden, die kort tevoren te Sharpville waren gevallen, te wreken.

C. de Jong.  
Universiteit van Zuid-Afrika

Het huis dat nu op Egelantiersgracht 98 staat, is afgebeeld in W. C. Mees, *Maria Quevellerius, huisvrouw van Jan van Riebeeck, en haar omgeving*, Van Gorcum en Comp. e.a., Assen 1952, tegenover blz. 44. Het uitzicht uit het huis op de Westertoren is nog hetzelfde als dat van Jan van Riebeeck.



A. M. Meyerman: *Adriaen van der Werff, Kralingen 1659 — Rotterdam 1722. Tentoonstelling van zijn schilderijen en papieren in het Historisch Museum te Rotterdam, 3 september — 1 november 1973*; Gemeentedrukkerij Rotterdam 1973, 64 pp. met 66 afbeeldingen.

De Nederlandse kunstschilder Adriaen van der Werff (1659-1722) is tijdens zijn leven uitbundig geëerd, maar spoedig vergeten. De verklaring is, dat hij een uitgesproken navolger van het Franse classicisme is geworden en daardoor afweek van wat men later de kenmerken van de (echte) nationale schildersschool, zoals innigheid, intimiteit en clair-obscur, heeft genoemd. Twintigste-eeuwse historici zoals proff. J. Huizinga en P. Geyl hebben het zogenoemde verval van de Nederlandse beschaving in de 18de eeuw goedgevoel toe geschreven aan het Franse classicisme.

Hedendaagse kunsthistorici in Nederland hebben de eertijds ietwat geminachte Romantische school van de eerste helft der 19de eeuw in ere hersteld. Onlangs is dit eerherstel uitgestrekt tot de nog minder geachte 18de eeuw, de beruchte Pruikentijd. Dat blijkt uit het recent, lijvige proefschrift van J. W. Niemeijer, *Cornelis Troost 1696-1750* (Assen 1973). Troost wordt de beste schilder van die eeuw genoemd, omdat hij de "nationale school" zo goed en kwaad als hij vermocht heeft voortgezet.

De heer A. M. Meyerman, directeur van het Historisch Museum te Rotterdam, heeft nog een stoute stap verder gedaan en voor de Rotterdammer Adriaan van der Werff zo niet een eerherstel dan toch meer aandacht en grotere waardering gevraagd. In het te weinig bekende Historische Museum te Rotterdam heeft hij een tentoonstelling van een flink aantal van diens schilderwerken en tekeningen — zijn bouwkundige inbegrepen — ingericht. Zijn fraaie catalogus van 64 pp. met 66 afbeeldingen in zwart en wit bevat een uitvoerige inleiding met levensbeschrijving van Van der Werff en opsomming van tentoongestelde werken, waarbij onlangs gevonden brieven en aantekeningboekjes. Onder de schilderijen zijn de vijftien "Mysteriën van de rozenkrans", geschilderd voor de Rooms-Katholieke keruvorst Johan Willem van de Palts, uit het museum te Dusseldorf; zwierige portretten, precieuzen Bijbelse en Grieksmythologische en herderstafrelen met veel blank, slank en koel naakt vormen de meerderheid van het overige werk. Volgens Meyerman heeft Van der Werff de zogenoemde "Hollandse hofstijl" van stadhouder Frederik Hendrik, beoefend door Haarlemse en Utrechtse historieschilders, voortgezet.

Hij is ook opgetreden als amateur-bouwmeester. Hij ontwierp de classicistische voorgevels van enige grote herenhuizen te Rotterdam, waarvan enige door het bombardement in mei 1940 zijn gespaard, en de grote, statige koopmansbeurs aan de Blaak. Deze is in 1721-36 gebouwd en in mei 1940 verwoest. Met werken van Adriaens broer en leerling Pieter, erbewijzen van tijd- en stadgenoten aan Adriaen en enige van zijn papieren is de tentoonstelling op gelukkige wijze aangevuld. De catalogus bevat een uitvoerige lijst van geraadpleegde literatuur.

C. de Jong.  
Universiteit van Suid-Afrika